FEEDTEK

# FOKUS

201501

## VOERKRAAL AFRONDING VAN LAMMERS

Deur Andrè Bezuidenhout (MSc Agric)



Lammers word toenemend in voerkrale afgerond vir bemarking. Die relatiewe gunstige vleispryse het verder tot gevolg dat lammers meer winsgewend afgerond kan word. Aangeplante weidings kan ook suksesvol aangewend word vir die doel. Die hoë voginhoud van veral aangeplante weidings onder besproeiing, het dikwels tot gevolg dat onvoldoende droë materiaal ingeneem word wat verder ook kan aanleiding gee tot laksering. Dit het ongewensde groeiresultate tot gevolg, veral ook indien die korrekte aanvullende voeding nie voorsien word om tekorte en wanbalanse reg te stel nie.

**Die afrond van lammers in ‘n voerkraal direk na speen het tot gevolg dat die weidingsdruk op ‘n ekstensiewe skaapplaas verlaag word.**

Die afrond van lammers in ‘n voerkraal direk na speen het tot gevolg dat die weidingsdruk op ‘n ekstensiewe skaapplaas verlaag word. Hierdie vertikale uitbreiding van ‘n skaapboerdery vertakking laat dus meer beskikbare en kwaliteit veldweiding vir die ooi-kudde en moontlik vir meer ooie in die boerdery vertakking.

Die algemene bestuur in ‘n voerkraal kan nie deur ‘n goeie kwaliteit en gebalanseerde afrond rantsoen oorheers word nie. Faktore soos voerkraal uitleg wat die helling, ‘n mate van skuiling teen heersende winde, plasing van voerbakke/vreetspasie teenoor watervoorsiening en skaduwee voorsiening insluit, kan ‘n deurslaggewende invloed uitoefen op die sukses wat behaal word. Die voorsiening van voldoende kraal oppervlakte per lam (ongeveer 2 vierkante meter), die korrekte vreetspasie (ongeveer 75 mm per lam), vars skoon drinkwater en aantal kere wat lammers daagliks gevoer word, is van uiterste belang in die sukses wat behaal word.

Dit is raadsaam om lammers vooraf volgens liggaamsgewig en geslag in groepe in te deel wat afsonderlik gevoer word. Indien diere na ongeveer 10 tot 14 dae weer geweeg word, kan probleemdiere wat nie behoorlik aanpas nie, sodoende ge-identifiseer word en na ‘n ander groep of kraal oorgeplaas word vir beter aanpassing. Die gereelde weging van lammers elke 7 tot 14 dae is belangrik om groei te monitor. ‘n Sekere aantal lammers binne elke groep kan ook gemerk word vir die doel.

Aanpassing by verhoogde energie rantsoene is baie belangrik wanneer lammers afgerond word. Die rumen mikro-organismes moet geleidelik aangepas word by energieryke rantsoene om die voorkoms van rumen asidose of suurpens te verhoed. Aanpassing kan gedoen word deur aanvanklik, vir vyf tot veertien dae ‘n aanvangsrantsoen te voer waartydens die afrond rantsoen geleidelik infaseer word vanaf ongeveer dag vier tot sewe. As alternatief kan aanvanklik slegs smaaklike hooi aan lammers voorsien word en dan kan die afrond rantsoen geleidelik begin voer word vanaf dag drie of vier. Daarna kan daaglikse voorsiening met 100 tot 200 g per lam verhoog word totdat inname van rantsoen ad lib is en byvoeding van hooi gestaak kan word. Die insluiting van ‘n doeltreffende buffer teen suurpens is baie belangrik. Dit het ‘n aansienlike positiewe invloed op aanpassing asook groei en voeromset.

Moeilike aanpassing van lammers in voerkrale kom algemeen voor. Lammers wat voor speen saam met ooie toegang tot 'n lek aanvulling gehad het, pas alreeds baie makliker aan. Die mees gewensde praktyk is om kruipvoeding aan lammers te voorsien vanaf ongeveer 14 dae ouderdom tot en met speen. Hierdie praktyk word toenemend met groot sukses toegepas aangesien die voeromset van 'n lam die beste is tydens hierdie periode. Kruipvoer inname is ongeveer 10 kg per lam en resultate het getoon dat lammers se gemiddelde speengewig 4 tot 6 kg meer kan wees. Dit is dus ook 'n baie ekonomiese praktyk. Kruipvoeding is 'n spesiaal geformuleerde rantsoen spesifiek vir die doel.





Die koste en voedingswaarde van 'n afrond rantsoen het 'n groot invloed op die suksesvolle afrond van lammers in voerkrale. Aangesien die korrekte balans van voedingstowwe belangrik is, is die goedkoopste rantsoen nie noodwendig die mees doeltreffende en winsgewende rantsoen nie. In onderstaande tabel word voorbeelde van algemene aanvangs- en afrond rantsoene aangetoon. Acid Buf is 'n doeltreffende buffer wat die rumen buffer teen vinnige pH dalings wanneer hoë energie rantsoene gevoer word.

Mutton Gainer 125 is 'n proteien-mineraal-spoormineraal konsentraat van Feedtek wat ondermeer gebruik word in voerkraal rantsoene vir die afrond van lammers. Hierdie produk bevat ook nie-proteien stikstof bronne en ammoniumsoute, sowel as medikamente wat voeromset en dus groei bevorder. Die insluiting van natuurlike proteienbronne soos katoensaadoliekoekmeel en sojaboonoliekoekmeel is belangrik by die afrond van lammers aangesien voldoende deurvloei proteien noodsaaklik is vir optimale karkas ontwikkeling en groei.

| | **Aanvangsrantsoen** | **Afrond rantsoen** |
|---|---|---|
| **Lusernhooi gemaal** | **533** | **277** |
| **Mieliemeel** | **350** | **600** |
| **Oliekoekmeel (*)** | **25** | **25** |
| **Melassemeel of –stroop** | **60** | **60** |
| **Acid Buf** | | **6** |
| **Mutton Gainer 125** | **32** | **32** |
| **Totaal** | **1 000 kg** | **1 000 kg** |


(*) Katoen- of soja-oliekoekmeel

Daaglikse voerinname van lammers is drie tot vier persent van liggaamsgewig. Lammers se daaglikse gewigstoenames kan wissel van 250 tot 400 g per lam, met 300 tot 350 g per dag as ‘n goeie gemiddelde doelwit. Die lam se voorspeense voedingsomstandighede en groei sowel as kwaliteit afrond rantsoen en bestuurspraktyke van die voerkraal is belangrike faktore wat groei beinvloed. Voeromset (kg voer gevreet per kg lewende gewigstoename) is baie belangrik aangesien dit die winsgewendheid van voerkraal afronding beinvloed. ‘n Voeromset van 5 : 1 kan verwag word met ‘n goeie afrond rantsoen. Ongunstige klimaatstoestande soos temperatuur uiterstes en aanhoudende reën, kan groei resultate met tot soveel as 30 persent benadeel.

Die pryse van energie-bronne het ‘n belangrike invloed op die prys van afrond rantsoene aangesien dit teen relatief hoë peile ingesluit word. Die huidige koste van die afrond rantsoen in bogenoemde tabel is ongeveer R 2.70 per kg (November 2014) indien die prys van mielies teen R 2 400 per ton in berekening gebring word. Met ‘n prys van R 2 900 per ton vir mielies, verhoog die rantsoen se koste na ongeveer R 3.00 per kg wat ‘n belangrike invloed kan uitoefen op die winsgewendheid van ‘n voerkraal onderneming.

Voor die aanvang van voerkraal afronding van lammers behoort alle diere behandel te word teen eksterne- en interne parasiete. Siektes soos bloednier, bloutong en pasteurella is van belang en dit is raadsaam om ‘n inentingsprogram in oorleg met ‘n plaaslike veearts saam te stel.

Mutton Gainer 125 Reg nr (Wet 36 van 1947) V 16141
Acid Buf Reg nr (Wet 36 van 1947) V16463



**Vir enige verdere navrae kontak asseblief die outeur by:**
**Epos: andre@abagri.co.za**
**Selfoon: 082 651 8958**